



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

HIER WORD ONS NUWE NALATENSKAP NEERGESKRYF ANDERKANT DIE DEURE WAG ONS ROEPING

'N PLEK WAAR DIE VERBEELDING GEEN GRENSE HET NIE, EN DROME BEGIN.
KANNEE
EENHEID
WORD
DIE
ONS
DAG
HIEREN
WEEFEN
ROOITSTE
NUW IS DIE PLEK
JOU
OM
DIE
AANK
FLOERER
GRENSE
ROEPING
JOU
OM
DIE
AANK
WAT
WEEFEN
BESTE
OM TE
ONS
VISUALISEER
GELLEENTHEID
LE
WAAG
VERBEELDING
STEMME
TOEKOMS
BINNE
DIE
BESTE
DROME
SUKSESSE
DUIDELIKER
DUIDELIKER
TOEKOMS
BINNE
DIE
BESTE
DROME
SUKSESSE
DUIDELIKER
DUIDELIKER
TOEKOMS
BINNE
DIE
BESTE
DROME
SUKSESSE
DUIDELIKER
DUIDELIKER

TOEKOMS 'N PLEK WAAR DIE VERBEELDING GEEN GRENSE HET NIE
STREWES WORD DIS 'N PLEK WAAR STEMME DUIDELIKER WORD
STREWES GEVISUALISEER WORD DALK VERANDER NA KAN.

PROFIEL

2012/2013

SUID-AFRIKAANSE HOËR- ONDERWYS- LANDSKAP

Daar is 23 openbare
hoërondewysinstellings in SA.

- 6 komprehensiewe universiteite
- 11 konvensionele universiteite
- 6 universiteite van tegnologie

Die Noordwes-Universiteit (NWU)
is een van die 11 konvensionele
universiteite in SA.

Hoër Onderwys Suid-Afrika (oftewel
"HESA") is die beheerliggaam vir SA
se hoërondewysinstellings.

'N PLEK WAAR ENIGIETS MOONTLIK IS

UITNEMENDHEID IN KORPORATIEWE BESTUUR

NWU: Universiteit met beste korporatiewe
bestuur in SA. (PricewaterhouseCoopers se
Uitnemendheidstoekennings, 2007, 2008,
2009, 2010, 2011)

UITNEMENDHEID IN INNOVASIE

NWU: Mees innoverende universiteit in SA.
(Innovasiefonds, Departement Wetenskap en Tegnologie, 2008)

UITNEMENDHEID IN MEERTALIGHEID

NWU: Universiteit wat die meeste tot
meertaligheid en nasiebou in SA bydra.
(Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), 2008)
(Toekening vir tolking en vertaling (PanSAT), 2010)

BESTUURS- MODEL

'n Nuwe instelling

Die NWU het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom, as deel van die transformasie van die hoërondewyslandskap.

Tweevlak-bestuursmodel

- Institusionele Kantoor
- Drie kampusse

Kampusse:

- Mafikengkampus
- Potchefstroomkampus
- Vaaldriehoekkampus

Fakulteite: Potchefstroom

- Lettere en Wysbegeerte
- Natuurwetenskappe
- Teologie
- Opvoedingswetenskappe
- Regte
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Ingenieurswese
- Gesondheidswetenskappe

Fakulteite: Mafikeng

- Landbou, Wetenskap en Tegnologie
- Handel en Administrasie
- Opvoeding
- Geestes- en Sosiale Wetenskappe
- Regte

Fakulteite: Vaaldriehoek

- Geesteswetenskappe
- Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

Visie

Die visie van die NWU is om 'n "toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie".

Waardes

Die NWU onderskryf die eindwaardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid. In die praktyk is 'n stel van vier instrumentele doenwaardes geïdentifiseer, naamlik integriteit, toewyding, aanspreeklikheid en respek.

Missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die instelling sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

Volgens die 2010-sifers wat in 2012 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding beskikbaar gestel is, vaar die NWU baie goed, gemeet aan die ander 22 hoërondewysinstansies in Suid-Afrika. Hier is die bewyse:

- In 2010 was die NWU die derdegrootste universiteit in Suid-Afrika op grond van totale koppelstelling, naamlik 55 732. (In 2009 was dit 50 589, wat 'n toename van 10,2% is.) Wat afstandstudente betref, was die NWU die tweedegrootste in SA.
- Ten opsigte van die totale getal grade en diplomas wat in 2010 toegeken is, naamlik 15 083, was die NWU tweede in die sektor (2009: 13 445, 'n toename van 12,2%).

2011-telbord vir onderrig-leer:


- Die NWU se voorgraadse slaagkoers vir 2011 was 85,2% vir kontakstudente en 85,3% vir afstandstudente, wat die NWU aansienlik bo die nasionale gemiddelde plaas.
- Wat die graueringskoers van 26,6% vir kontakstudente en 29,9% vir afstandstudente betref, was die NWU ook in die topgeledere van die land se universiteite.

SLAGSPREUK


- Innovasie deur diversiteit
- Innovation through diversity
- Popošešwa ka pharologano

Bemagtigingstatus	
Swart uitvoerende direkteure	50%
Vroulike uitvoerende direkteure	10%
Swart personeel (% van totale personeel)	35,32%
Vroulike personeel (% van totale personeel)	57,18%



Rassesamestelling van kontakstudente in 2012*



Geslagsamestelling van kontakstudente in 2012*



Ras- en geslagsamestelling van permanente personeel in 2012*



* Nie final

DIT GAAN OOR MEER AS NET **ONDERRIG** - DIT GAAN OOR DIE GELEENTHEDE WAT ONDERRIG BRING.

Hierdie is 'n plek...waar ENIGIETS **MOONTLIK** is.

'n Plek waar die **VERBEELDING**
geen grense het nie,

en **DROME** begin.

'n Plek wat 'n **STEM** gee aan wie jy WAAG om te wees.

Waar elke nuwe dag 'n **GELEENTHEID** is om...
die volgende **GROOTSTE, VINNIGSTE, HOORBAARSTE,**
TROTSSTE... DIE VOLGENDE EERSTE TE WEES.

Dis 'n **PLEK** waar STEMME **DUIDELIKER** word,

STREWES GEVISUALISEER word,

en **TOEKOMSTIGE** SUKSESSE ONTWIKKEL.

Anderkant die deure LÊ ons **ROEPING...**

Hier word ons nuwe **NALATENSKAP** NEERGESKRYF;

en FLOREER ons eenheid binne **DIVERSITEIT.**

DIT IS DIE PLEK waar "wat as" verander na

"WAT IS"; waar "as" verander na "WANNEER";

en "dalk" verander na "KAN" .

DIE NWU is die PLEK waar

JOU BESTE die GELEENTHEID het om

BETER TE WORD.

INHOUD

Die gees van die Noordwes-Universiteit	2
Ons universiteit	4
Ons bestuurspan	6
Ons akademiese verskeidenheid	12
Ons studente	18
Navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid	24

DIE GEES VANDIE NOORDWES- UNIVERSITEIT

Die gees van die Noordwes-Universiteit (NWU) word weerspieël in die manier waarop die instelling die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul plek in die wêreld te vind.

Hierdie gees loop dwarsdeur al ons aktiwiteite en werksaamhede, van die navorsing wat ons doen tot ons akademiese aanbiedings, bestuursmodel, kampusstruktuur, studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies. Die "sleutels" wat die universiteit gebruik om die toekoms vir sy belanghebbendes te ontsluit, is onder meer die volgende:

- **Uitnemendheid in korporatiewe bestuur:** In 2007, 2008, 2009, 2010 en 2011 het die NWU die eerste plek behaal in PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekening vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys.
- **Leier in hoër onderwys en die sakektor:** Die visekanselier van die NWU speel 'n leidende rol in hoër onderwys, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal. Hy het in 2008 en 2009 gediens as voorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika, vir die tydperk 2007 tot 2009 as ondervoorsitter van die Association of Commonwealth Universities (ACU), en van 2009 tot 2011 as voorsitter van die ACU. Hy was ook president van die Afrikaanse Handelsinstituut vir 2011 en 2012.
- **Unieke programme:** Die Sentrum vir Dieregesondheidstudies op die Mafikengkampus bied die enigste BScAgric (Dieregesondheid)-

program in Suid-Afrika aan wat vir registrasie deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad erken word.

Die NWU is tans ook die enigste universiteit in die land met 'n geakkrediteerde onderrigprogram vir Inheemse Kennisstelsels op voor- sowel as nagraadse vlak, op sy Mafikengkampus.

- **Topnavorsingsentiteite:** Ingevolge die NWU se navorsingsentiteitemodel spog die universiteit met twee sentrums van uitnemendheid, naamlik die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding en die Sentrum vir Ruimtenavorsing. Albei is op die Potchefstroomkampus geleë.
- **Entrepreneuriese leer:** Sedert 2013 sluit akademiese programme in entrepreneurskap die BCom in Sakebestuur in, sowel as 'n module oor entrepreneurskap wat deel uitmaak van die MBA, BSc Verbruikerswetenskappe- en BSc IT-studente doen 'n module oor probleemoplossing in die sakeomgewing, wat kreatiwiteit insluit.
- **Fokus op internasionalisering:** Omdat globalisering 'n verskynsel van die moderne era is, fokus die NWU op internasionalisering deur sy nuwe Internasionale Kantoor. Hierdie kantoor koördineer en fasiliteer die internasionaliseringssopjings van die universiteit. Dit sluit in

uitruilprogramme vir studente en personeel, en kontrakte met betrekking tot akademiese, kulturele, navorsings- en sportaangeleenthede.

- **Tantiemes:** Patente en inkomste uit produkverkope genereer ongeveer R3 miljoen per jaar aan tantiemes, lisensie-inkomste en produkverkope. Die NWU hou nege patente in die USA.

- **Uitnemendheid op sportgebied:** Die NWU spog met 'n Rugbyinstituut en 'n Hokkieakademie op die Potchefstroomkampus, 'n Sokkerinstituut op die Mafikengkampus, en 'n Krieketakademie en 'n Roeiklub op die Vaaldriehoekkampus.

Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus het die USSA-sokkertitel in 2009 en weer in 2010 verower, terwyl die karatespan van die Potchefstroomkampus in 2011 vir die twaalfde agtereenvolgende jaar as USSA-kampioene uit die stryd getree het. Hierdie kampus se rugby-, pluimbal- en vrouehokkiespanne het ook eerste geëindig by die USSA-kampioenskap. In 2012 het die atletieklklub die USSA-kampioenskap vir die derde agtereenvolgende jaar en vir die tiende keer algeheel gewen.

Daarbenewens het die Mafikengkampus se liggaamsbouspan die algehele spankompetsie gewen by die USSA-kampioenskap in 2011, en só in die voetspore gevolg van die Vaaldriehoekkampus-span wat die titel in 2010 gewen het.

- **Sportdorp:** 'n Vierster-sportdorp op die Potchefstroomkampus bied akkommodasie aan sportspanne wat by die universiteit oefen. Die Spaanse sokkerspan was die eerstes wat van die kompleks gebruik gemaak het toe hulle daar tuisgegaan het tydens die FIFA-wêreldbeker in 2010. Die Pampas, die Argentynse rugbyspan wat die Vodacom-beker gewen het, het daar tuisgegaan in 2011.

- **Top-oefenbestemming:** In 2011 was hierdie universiteit die voorkeur-oefenbestemming van 703 internasionale atlete van 33 lande. Hierdie sportmanne en -vroue maak gebruik van die eersteklasfasiliteite by die ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport vir voorbereiding en oefening. Die instituut se fasiliteite en dienste sluit in die bes toegeruste sportgimnasium in Afrika en 'n

volledige reeks sportafrigting-, geneeskunde-, navorsings-, voedings- en sielkundige dienste.

In 2011 is die HPI deur die Noordwes-Parke- en Toerismeraad aangewys as die provinsie se voorste toeristeaantreklikheid vir 2011, en het hulle 'n trofee en tjk vir R10 000 ontvang vir dienste gelewer aan die provinsie.

In 2011 het die instituut 'n aantal hoëprofiel-sportspanne gelok, insluitende die Pampas-rugbyspan van Argentinië, die o. 19-krieketspan en verskeie graafskapkrieketspanne van Engeland, die Australiese krieketspan, die Suid-Afrikaanse vrouesokkerspan, Banyana Banyana, die Suid-Afrikaanse sewesrugbyspan, 'n Franse Olimpiese kajaksan en 'n driekampspan uit Duitsland.

Die universiteit het ook gasheer gespeel vir Noordwes-Krieket se internasionale afrigtingskamp en vir die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging se nasionale doelwagter-afrigtingskamp. Die Davisbeker Internasionale Tennistoernooi is twee keer aangebied in 2011, met spanne van Suid-Afrika, Nederland en Kroasië wat deelgeneem het. As uitvloeisel van hierdie suksesvolle tennistoernooie bied die universiteit in 2012 ook twee Junior Internasionale Tennisfederasietoernooie en die Junior Afrika-toernooi aan.

- **Sentrum van spesialisasie:** Die Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling (ISWO) lewer ook wetenskaplike ondersteuningsdienste aan die Afrika Kontinentale Fietsrysentrum (Engels: ACCC), die Noordwes-Sportakademie, die Hokkieakademie op die Potchefstroomkampus en die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus. Die instituut is reeds die afgelope tien jaar lank lid van die Internasionale Vereniging van Hoëprestasie-sportafrigtingsentrums.

- **Fietsrybane van wêreldgehalte:** Bouwerk aan 'n buitenshuise BMX Supercross-fietsrybaan sowel as 'n binnenshuise area met 'n skuins opgeboude houtoppervlak-fietsrybaan (Velodrome) by die Fanie du Toit-sportterrein van die Potchefstroomkampus is reeds aan die gang. Nasionale en internasionale fietsryers en fietsryspanne sal die baan kan gebruik vir oefensessies, vaardigheidsontwikkeling en kompetisies. Die Velodrome sal die eerste en enigste van sy soort in Afrika wees.

ONS UNIVERSITEIT

Die Noordwes-Universiteit het amptelik op 1 Januarie 2004 tot stand gekom as deel van die nasionale regering se breër plan om hoër onderwys te transformeer met die oog daarop om hulpbronne doeltreffender aan te wend en wanbalanse van die verlede reg te stel.

Die instellings wat saamgesmelt het om die NWU tot stand te bring, was die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Noordwes. Die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit is ook by die nuwe instelling ingelyf.

Die NWU is 'n unitêre multikampus-instelling met kampusse wat oor twee provinsies versprei

lê. Die Potchefstroom- en Mafikengkampus is in Noordwes en die Vaaldriehoekkampus in Gauteng geleë. Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is in Potchefstroom geleë, in die onmiddellike omgewing van die Potchefstroomkampus. Elke kampus het sy eie unieke kenmerke.

Die **Mafikengkampus** is byvoorbeeld in die hoofstad van die Noordwesprovinsie geleë



en spog met 'n internasionale atmosfeer, met 414 internasionale studente uit 27 verskillende lande wat daar ingeskryf was in 2012.

Die **Vaaldriediehoekkampus** met sy uiteenlopende bevolkingsamestelling is in 'n unieke omgewing geleë, naamlik op die oewer van die Vaalrivier in 'n verklaarde natuurreservaat, met 'n verskeidenheid wildspesies wat op die kampusgronde rondloop.

Die **Potchefstroomkampus**, wat die grootste en oudste NWU-kampus is, is in die historiese universiteitsdorp Potchefstroom geleë. Alhoewel die meerderheid voltydse voorgraadse klasse in Afrikaans aangebied word, is verskeie maatreëls in plek om toegang en sukses moontlik te maak en te bevorder, bv opvoedkundige tolkdienste na Engels in sekere nisonderrigprogramme.

EFFEKTIEWE BESTUUR

Met spesifieke fokus op die doeltreffende bestuur van die geografies geskeide kampusse van die universiteit is bestuursprosesse uit die sakewêreld oorgeneem en innoverend toegepas om die universiteit doeltreffend te bedryf.

Aangesien die NWU individuele aanspreeklikheid beklemtoon, word die jaarlikse Institusionele Plan via 'n prestasiebestuurproses in individuele prestasieooreenkomste met bestuurders op alle vlakke en uiteindelik na alle akademiese personeel afgewentel.

ONS HANDELSMERK-IDENTITEIT

Die Noordwes-Universiteit se visuele identiteit behels konsekwente gebruik van die logo, swoesj, korporatiewe kleure, stylgidse, visuele taal en konsepte soos goedgekeur deur die Institusionele Komitee Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit. Hierdie riglyne word uiteengesit in die Korporatiewe Identiteit-handleiding. Ons het ook 'n handelsmerkbeleid oor prosesse en reëls wat gevolg moet word met betrekking tot bemarkings- en kommunikasie materiaal wat die NWU-handelsmerk uitbou.

ONS LOGO

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van die saamgesmelte Noordwes-Universiteit en die drie kleure weerspieël die lewenskragtige kampusse.



ONS BESTUURSPAN: INSTITUSIONELE KANTOOR

As gevolg van die geografiese verspreiding van sy kampusse het die NWU 'n tweevlak-bestuursmodel aanvaar om by sy werksaamhede te pas.

Hierdie model bestaan uit 'n institusionele vlak as kern, wat universiteitswye konsekwentheid met betrekking tot beleid, stelsels en prosedure verseker, en die drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde sake-eenhede funksioneer.

Die Institusionele Bestuur is die uitvoerende liggaam van die NWU. Dr Theuns Eloff, die **visekanselier**, is die NWU se hoof-uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat vir die instelling se algehele prestasie aan die NWU-Raad verantwoording moet doen.



Die lede van die Institusionele Bestuur is agter van links prof Thanyani Mariba (rektor van die Vaaldriehoekskampus), prof Johan Rost, (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite), prof Dan Kgwadi, (rektor van die Mafikengskampus), prof Herman van Schalkwyk, (rektor van die Potchefstroomskampus), mnr Victor Mothobi (Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal) en me Phumzile Mmope (Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge). Voor van links is prof Martin Oosthuizen (Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer), prof Frikkie van Niekerk (Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie), dr Theuns Eloff (die visekanselier van die NWU) en Prof Themba Mosia (die institusionele registrateur van die NWU).

ONS BESTUURSPAN: MAFIKENGKAMPUS

Prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus, staan aan die hoof van 'n diverse en gefokusde kampusbestuurspan. Hy word ondersteun deur 'n viserektor, 'n kampusregistrator, die dekane van die onderskeie fakulteite, en direkteurs van ondersteuningsdepartemente.



PROF DAN KGWADI
Kampusrektor



VAKANT
Viserektor: Akademie,
Onderrig-Leer en
Navorsing



MNR ROBERT KETTLES
Kampusregistrator



PROF MASHUDU MASELESELE
Dekaan: Fakulteit Landbou,
Wetenskap en Tegnologie



PROF SONIA SWANEPOEL
Dekaan: Fakulteit
Handel en
Administrasie



PROF DAWID GERICKE
Dekaan: Fakulteit
Opvoedkunde



PROF PETRUS BOTHA
Dekaan: Fakulteit
Geestes- en Sosiale
Wetenskappe



PROF MELVIN MBAO
Dekaan: Fakulteit
Regte



DR SAM THEKISO
Dekaan: Studentesake



**MNR ETIENNE
MOSTERT**
Direkteur: Finansies



MNR KOOS DEGENAAR
Direkteur: Bemaking en
Kommunikasie



MNR LESTER MPOLOKENG
Uitvoerende bestuurder:
Kantoor van die rektor

ONS BESTUURSPAN: POTCHEFSTROOMKAMPUS

Gesteun deur die kundigheid van sy kampusbestuurspan gee prof Herman van Schalkwyk die pas aan op die Potchefstroom-kampus. Hy word bygestaan deur twee viserektore, prof Mariëtte Lowes (Viserektor: Onderrig-Leer) en prof Amanda Lourens (Viserektor: Navorsing en Beplanning), 'n kampusregistrator, die dekaane van die onderskeie fakulteite, en die direkteurs van ondersteuningsdepartemente.



PROF HERMAN
VAN SCHALKWYK
Kampusrektor



PROF MARIËTTE LOWES
Viserektor: Onderrig-
Leer



PROF AMANDA LOURENS
Viserektor: Navorsing en
Beplanning



ME DOROTHY AUGUST
Kampusregistrator



PROF KOBUS PIENAAR
Dekaan: Fakulteit
Natuurwetenskappe



PROF FIKA JANSE VAN
RENSBURG
Dekaan: Fakulteit Teologie



PROF ROBERT BALFOUR
Dekaan: Fakulteit
Opvoedingswetenskappe



VAKANT
Dekaan: Fakulteit
Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe



PROF FRANCOIS VENTER
**Dekaan: Fakulteit
 Regte**



PROF LJ GROBLER
**Waarnemende
 Dekaan: Fakulteit
 Ingenieurswese**



PROF AWIE KOTZÉ
**Dekaan: Fakulteit
 Gesondheidswetenskappe**



PROF JAN SWANEPOEL
**Dekaan: Fakulteit
 Lettere en
 Wysbegeerte**



PROF RIKUS FICK
**Dekaan:
 Studentesake**



MNR BOBO VAN DER WESTHUIZEN
**Hoofdirekteur: Finansies
 en Fasiliteite**



MNR THEO CLOETE
**Direkteur: Bemaking
 en Kommunikasie**

'N PLEK WAT 'N
STEM GEE AAN WIE
 JY **WAAG** OM TE WEES

ONS BESTUURSPAN: VAALDRIEHOEKKAMPUS

Prof Thanyani Mariba is die rektor van die Vaaldriehoekkampus. Saam met hom in die voorste linie is prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning. Die bestuurspan bestaan verder uit 'n kampusregistrator, twee dekaane en twee direkteurs van ondersteuningsdepartemente.



PROF THANYANI
MARIBA
Kampusrektor



PROF LINDA DU PLESSIS
Viserektor: Akademie,
Kwaliteit en Beplanning



ME ELBIE STEYN
Kampusregistrator



PROF TINIE THERON
Dekaan: Fakulteit
Geesteswetenskappe



PROF HERMAN VAN DER MERWE
Dekaan: Fakulteit Ekonomiese
Wetenskappe en Inligtingstechnologie



DR JOHN MALOMA
Direkteur: Bemaking en
Kommunikasie



MNR HERMAN STEYN
Direkteur: Finansies
en Fasiliteite

DIE NWU IS STEEDS OP DIE PAD NA SUKSES

Uit die opsomming van die NWU se prestasies met betrekking tot sy kernbesigheid is dit duidelik dat dit gedurende die afgelope paar jaar toegeneem het. Dit geld vir amper alle prestasie-aanduiders, soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

	2007	2008	2009	2010	2011*
Totale studente-inskrywings	44 726	47 008	50 589	55 732	56 641
- Kontak	26 075	25 740	26 853	29 243	31 663
- Afstand	18 651	21 268	23 736	26 489	24 978
Voorgraadse slaagsyfer	79,5%	81,2%	83,6%	83,5%	85,2%
Graadverwerwingskoers	25%	26%	27%	27%	27%
Grade en diplomas toegeken	11 345	12 337	13 445	15 083	15 093
Meestersgrade toegeken	618	583	659	633	639
PhD's toegeken	124	100	123	129	115
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	376	513	452,5	578,2	772,6
NNS-gegradeerde navorsers	95	103	116	117	125
Totale navorsingsuitset	1 061	1 083	1 190	1 318	1 483
Totale inkomste	R1 436m	R1 671m	R1 827m	R2 002m	R2 318
Surplus (herhalende items)	R66m	R82m	R58m	R37m	R63m
Personeelkoste/totale koste	50,1%	48,8%	50,7%	52,8%	52,4%
Selfgegenereerde inkomste	R542m	R644m	R647m	R642m	R751m
% van inkomste vanaf regering	39,8%	40,0%	41,5%	44,6%	43,1%
% van inkomste uit klasgeld	21,4%	20,3%	22,4%	23,6%	24,7%
Kapitaaluitgawes op opgraderings	R51,0m	R69,2m	R81,9m	R60,5m	R53,2m

* Data nog nie finaal geoudit nie

ONS AKADEMIESE VERSKIEDENHEID

By die Noordwes-Universiteit gaan dit nie soseer oor onderwys nie, maar oor die geleentheid wat moontlik gemaak word deur onderwys. Met ander woorde die NWU bied meer as 'n opvoeding; ons bied 'n plek in die wêreld.

Ons akademiese programme bied aan studente 'n groot keuse en buigzaamheid, en stel hulle in staat om hul volle potensiaal te verwesenlik en om hul loopbane te begin ontwikkel.

Die universiteit bied 'n aantal akademiese programme aan wat nie by ander Suid-Afrikaanse universiteite gevind kan word nie. Die verskeidenheid kampusprogramme word gekomplementeer deur die NWU se geografiese reikwydte en 35 fasiliteringsentrums en 110 eksamenentrums vir nie-kampusstudente regdeur Suid-Afrika en Namibië.

TOLKDIENSTE

Ingevolge ons beleid van funksionele meertaligheid bied die NWU opvoedkundige tolkdienste aan studente. Die hoofdiens word op die Potchefstroomkampus gelewer, waar sowat 30% van alle modules getolk word.

Die grootste rede vir die tolking op dié hoofsaaklik Afrikaanssprekende kampus is om toegang vir nie-Afrikaanssprekendes in sekere rigtings moontlik te maak.

Tolkdienste word ook op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus in bepaalde modules gelewer. Op die Mafikengkampus word daar van Engels na Setswana getolk, en op die Vaaldriehoekkampus word daar om die beurt van Afrikaans na Engels en van Engels na Afrikaans getolk.

DIE ONTWIKKELING VAN KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR DIE LAND

Die universiteit fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede:

- Die NWU is die enigste universiteit wat 'n ingenieurswese-meestersgraad in Kerningenieurswese aanbied, en ook – vanaf 2013 – 'n meestersgraad in Toegepaste Positiewe Sielkunde.
- Die NWU is tans die enigste universiteit in die land met 'n geakkrediteerde IKS-onderrigprogram op voor- sowel as nagraadse vlak.
- Die NWU het die grootste oop afstandsonderrig-onderwys-eenheid in die land en bied onderwysprogramme aan vir onderwysers wat reeds in diens is in die land. In 2011 het die NWU 7 357 onderwyskwalifikasies toegeken, die meerderheid aan onderwysers wat hul kwalifikasies wil verbeter.

NWU-KAMPUSSE

Elkeen van die NWU se drie kampusse het definitiewe sterkpunte en vermoëns – iets wat ooreenstem met die universiteit se strategiese rigting van beide eenheid en diversiteit.

MAFIKENGKAMPUS

Die Mafikengkampus is die tweedegrootste van die NWU se drie kampusse, met 9 211

studente wat in 2011 ingeskryf was, waarvan 1 517 vir afstandsprogramme ingeskryf was. Daar is vyf fakulteite, naamlik Landbou, Wetenskap en Tegnologie; Geestes- en Sosiale Wetenskappe; Opvoedkunde; Handel en Administrasie; en Regte.

Die kampus bied verskeie unieke programme aan:

Vervoerekonomie en Logistieke Bestuur: In reaksie op die kritieke en skaars vaardighede wat in Suid-Afrika geïdentifiseer is, is 'n program in Vervoerekonomie en Logistieke Bestuur ontwerp, wat sedert 2003 op hierdie kampus aangebied word. Hierdie program het reeds meer as 170 graduandi opgelewer (van wie die meeste tans in toepaslike bedrywe werksaam is), en die honneursprogramme word tans ontwikkel.

Dieregesondheid: Die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudies op die Mafikengkampus bied twee kwalifikasies aan wat uniek is in Suid-Afrika. Dit is die enigste voltydse BScAgric-program (Dieregesondheid) en die enigste residensiële program vir 'n Diploma in Dieregesondheid wat vir registrasie deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad erken word.

Die groot dieregesondheidskompleks huisves onder andere 'n moderne dierekliniek om die voorgraadse onderrigprogram te verbeter, asook groot diagnostiese en navorsingslaboratoriums vir nagraadse studie.

Inheemse Kennisstelsels (IKS): Die geografiese ligging van die Mafikengkampus voorsien die IKS-program van 'n unieke geleentheid vir IKS-navorsing en -opleiding in plattelandse ontwikkeling en droë-areastudies.

Die NWU is tans die enigste universiteit in die land met 'n geakkrediteerde IKS-onderrigprogram op voor- sowel as nagraadse vlak. Inheemse kennis is plaaslike kennis en praktyke wat uniek is tot en ontwikkel word binne 'n bepaalde kultuur of samelewing.

Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT): Hierdie sentrum is in 1998 as 'n samewerkingsprojek tussen belanghebbendes in die kernindustrie (Necsa, MKBR, Eskom, iThemba Labs en die NNR) en die Noordwes-Universiteit tot stand gebring.

'n Loopbaan in sport: Soos in die afdeling "Ons studente" genoem, is 'n sokkerinstituut aan die begin van 2007 op die Mafikengkampus tot stand gebring. Behalwe sokkerafrigting ontvang studente ook akademiese opleiding. Hulle kan byvoorbeeld inskryf vir 'n baccalaureusgraad van hul keuse, of 'n driejarige diploma in Sportwetenskappe. Daar word beplan om 'n sokkerspesifieke sportwetenskapprogram op voor- sowel as nagraadse vlak tot stand te bring.

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Hierdie grootste van die NWU-kampusse het 41 894 geregistreerde studente in 2011 gehad, waarvan 23 111 vir afstandprogramme ingeskryf was. Die Potchefstroomkampus is ook verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers. Die kampus het agt fakulteite: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe.



Die kampus het ook 20 navorsingsentiteite en 'n aantal sentrums en institute waar alle navorsingsaktiwiteite plaasvind.

Internasionale erkenning: Die BSc-honnorsprogram in Kwantitatiewe Risikobestuur (KRB) van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika® (Sentrum vir BWI) het internasionale erkenning van twee professionele risikobestuurslrigame ontvang.

Uitmennende programme: Kundiges van Australië, België, Uganda en Brittanje het verklaar dat die programme in die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVOO) baie goed vergelyk met die beste in die wêreld.

Akademië blink uit: 'n Ervare taalkundige en direkteur van die Skool vir Tale is verkies as nuwe nasionale voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dit is die eerste keer in die SA Akademie se geskiedenis van 102 jaar dat 'n Potchefstroomer dié posisie beklee.

Die direkteur van die Skool vir Rekenkundige Wetenskappe is aangewys as een van die land se mees invloedryke vroue. Die toekenning was deel van die saketydskrif CEO (Celebrating Excellence in Organisations) se kompetisie om Suid-Afrikaanse vroue te vereer vir hul bydrae in die sakewêreld en die regering.

Gesogte toekennings: Die NWU is die enigste universiteit in die land wat al energie-toekennings van die Suid-Afrikaanse Nasionale Energievereniging ontvang het. Hierdie toekennings is gemaak aan die Skoonsteenkoolprojek van die Skool vir Chemiese en Minerale Ingenieurswese en die Power Alert- en Power Watch-projekte van die Skool vir Meganiese Ingenieurswese.

Fabriseringslaboratorium van wêreldgehalte: Die Fakulteit Ingenieurswese spog met 'n fabriseringslaboratorium (Fablab) van wêreldgehalte waar mense tegnologie kan gebruik om bykans enige idee in 'n ontwerp te omskep.

Styg uit: Die JS1-Revelation-sweeftuig met 'n vlerkspan van 18 meter, wat ontwerp is deur 'n dosent verbonde aan die Skool vir

Meganiese Ingenieurswese, het in 2010 'n "Aircraft Type Certification" van die SA Burgerlugvaartowerheid ontvang. So 'n sertifikaat is nog nooit tevore in Afrika uitgereik nie.

Studente blink nasionaal en internasionaal uit: Ná deelname aan 'n kompetisie wat georganiseer is deur die Amerikaanse Vereniging van Ingenieursbestuurders is die doktorale proefskrif van 'n nagraadse student van die Fakulteit Ingenieurswese as een van die drie beste proefskrifte in die wêreld aangewys.

'n Ingenieurstudent het ook die algehele eerste plek behaal in 2010 se jaarlikse studenteprojekkompetisie van die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektriese Ingenieurs (SAIEI).

Die Geoktrooieerde Rekenmeester-resultate na afloop van die nasionale eksamen (Deel 1) was weereens uitsonderlik goed, met 'n 88%-slaagsyfer vergeleke met die land se gemiddeld van 78%.

Twee meestersgraadstudente van die Skool vir Ekonomie is gekies vir die Suid-Afrika Vrije Universiteit Strategiese Alliansies-vaardigheidsprogram aan die Vrije Universiteit in Amsterdam.

Grafiese Ontwerp-studente het verskeie van die groot nasionale ontwerp pryse opgeraap, wat daartoe bygedra het dat die tydskrif *Finweek* die NWU as een van vyf top-onderwysinstansies vir Grafiese Ontwerp vir 2010 aangewys het.

CTeXt®: Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt®) doen navorsing oor mensetaal-tegnologie en ontwikkel taal-tegnologieprodukte vir die Suid-Afrikaanse tale.

Mensetaal-tegnologie fasiliteer die interaksie tussen mens en masjien deur dit vir mense moontlik te maak om in natuurlike taal met rekenaars te kommunikeer (d.w.s. ons normale tale soos Afrikaans of isiZulu). Hulle "leer" rekenaars ook om menslike taal (spraak en teks) te verstaan en te produseer sodat mense toegang het tot nuwe tegnologieë in die taal van hul keuse.

Internasionale samewerking: Die Suid-Afrikaanse Kragkwaliteitsinisiatief (SAKKI), wat gestig is deur dosente van die Skool vir Elektriese,

Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, fokus op die doeltreffende benutting van energie en streef na formele samewerking met instansies soos Integral Energy in Australië en die Leonardo Power Quality Initiative in Europa.

'n Nuwe vlak van opleiding: Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het 'n mediese simulasielopop aangeskaf wat gebruik kan word vir die opleiding van mediese en farmaseutiese studente. Hulle het ook 'n ultramoderne simulasi-apteek oopgemaak en 'n Eenheid vir Opleiding in Primêre Gesondheidsorg begin. Hiermee het hulle die opleiding van aptekers in Suid-Afrika na 'n heel nuwe vlak verhef.

Die fakulteit het ook 'n Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Gesinstudies in Wellington in die Wes-Kaap oopgemaak. Meer as 200 na-graadse studente is reeds ingeskryf.

Baanbrekers in ekstrusie: Die Sentrum van Uitmendheid in Gevorderde Vervaardiging, wat deur die Departement van Handel en Nywerheid by die Skool vir Meganiese Ingenieurswese tot stand gebring is, help klein maatskappye in sy ekstrusielaboratorium met die ontwikkeling, vervaardiging en toets van nuwe produkte wat deur middel van ekstrusie geproduseer kan word.

Unieke tegnologie vir geneesmiddelaflewering: Navorsers van die Eenheid vir Geneesmiddelnavoring en -ontwikkeling het 'n unieke geneesmiddel-afleweringstegnologie, bekend

as PheroidTM, ontwikkel om siektes soos malaria meer doeltreffend te behandel, en vir die aflewering van groot geneesmiddelmolekules oor die vel.

Internasionale rolspeler in die behandeling van MIV/Vigs: Nog 'n voorpuntprestasie is die universiteit se deelname aan 'n internasionale konsortium wat 'n tender van \$7 miljard gekry het om tot die Amerikaanse President se noodfonds vir Vigshulp (sogenaamde PEPFAR-projek) by te dra.

Wêreldgesondheidsorganisasie-samewerkingsentrum: Die Skool vir Farmasie se Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie – wat die Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne insluit – is deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) as 'n WGO-samewerkingsentrum vir die kwaliteitsversekering van medisyne aangewys.

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Hoewel dit die kleinste van die drie kampusse is, met 5 536 geregistreerde studente in 2011, is hierdie kampus aan die oewer van die Vaalrivier 'n kragbron van akademiese kundigheid. Die kampus het twee fakulteite, naamlik die Fakulteit Geesteswetenskappe met vier skole en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie met drie skole.

Onderrig-leer-aktiwiteite: Die kampus het die volgende stappe gemeem ter ondersteuning



van die studente: Aanvullende Onderrig (AO) is uitgebrei tot 149 modules. Daar is 205 AO-leiers, almal studente. (Meer oor AO op bladsy 17.) Die kampus het ook die aantal "sites" vir die Leerbestuurstelsel bekend as eFundi tot 565 vermeerder in 2011. Daarby is 'n eweknie-mentoprogram vir eerstejaarstudente in 2012 in alle koshuise begin.

Verbetering van taalvaardighede: 'n Skryflaboratorium is op die been gebring deur die Skool vir Tale om studente te help om taal meer doeltreffend te gebruik. Die studente word gehelp met argumentasievaardighede, parafering, verwysings en konseptuele strukturering om hul akademiese skryfvaardighede te verbeter.

Navorsing is 'n fokuspunt van die kampus se akademiese aktiwiteite. Die kampus het twee navorsingsfokusareas, naamlik Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) en Instaatstelling tot Optimale Uitdrukking van Individuele, Sosiale en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA). Beide hierdie entiteite is in die Fakulteit Geesteswetenskappe geleë.

UPSET se visie is om stelselmatig ondersoek in te stel na hoe mense taal in komplekse omgewings verstaan en verwerk, deur spesifiek te fokus op die gebied van taalpraktyk (vertaalkunde) en meertaligheid.

OPTENTIA is daarop gemik om kennis uit te brei oor hoe individuele, sosiale en institusionele potensiaal optimaal uitgedruk kan word, en om hierdie kennis beskikbaar te stel aan individue en besluitnemers.

Die Skool vir Gedragwetenskappe beplan om in 2013 'n meestersgraadprogram in Toegepaste Positiewe Sielkunde te implementeer, wat deur OPTENTIA ondersteun sal word.

Die totstandbrenging van nóg 'n entiteit, Meertalige Spraaktegnologie, as navorsingsfokusarea – hierdie keer binne die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie – word ook in die vooruitsig gestel.

Benewens bogenoemde navorsingsentiteite is nóg ses potensiele nisareas geïdentifiseer:

- Navorsingsentrum oor Veerkragtigheid
- Die Kulturele Dinamiek van Water
- Antieke Tekste
- Ondernemingskennis en -stelsels
- Impakevaluering
- Toegepaste Risikobestuur

Ernstige speletjies: Die SA Institute for Serious Games, 'n gesamentlike onderneming tussen Coventry Universiteit in die Verenigde Koninkryk en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie, is in 2011 begin. Deur spesiale simulasiespeletjies te gebruik, word mense opgelei in vakgebiede soos sosio-ekonomie, streeksbeplanning en risikoversekering.

Die instituut streef daarna om 'n internasionale sentrum van uitnemendheid te word, en 'n model van beste praktyk vir streeksontwikkeling deur tegnologie-innovasie.

Pak die saak met mening aan: Die Vaal-driediehoekkampus bied hul meestergraad in Besigheidsadministrasie (MBA) deur die Potchefstroomse Besigheidskool (PBS) aan. Benewens die MBA word 'n Middelbestuursprogram (MBP) en 'n Gevorderde Bestuursprogram (GBP) ook aangebied. Maatskappye wat al aan hierdie programme deelgeneem het, sluit Absa, Eskom, Acelor Mittal, Omnia, die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging, Samancor, Telkom, Transnet en Sasol in.

Die Vaal-driediehoekkampus het ook 'n Vaardighedsontwikkelingseenheid (VOE), wat kortkursusse en werkswinkels op verskeie gebiede aanbied, soos projekbestuur, arbeidsverhoudinge, en bestuurs- en rekenaarvaardighede. Plaaslike regerings, die Gautengse Departement van Onderwys en die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging is enkele van die maatskappye wat reeds by hierdie programme gebaat het.

BEVORDERING VAN AKADEMIESE PRESTASIE

'n Belangrike faktor in akademiese prestasie op universiteitsvlak is goed ontwikkelde vaardighede in leer, lees, lewensvaardighede en akademiese geletterdheid.

Die NWU bied etlike programme aan om studente te help om vaardigheidsgapings te bowe te kom.

Een daarvan behels akademiese geletterheids- en vaardigheidstoetse wat deur alle eerstejaarstudente van die NWU afgelê word om te bepaal of hulle behoort baat te vind by die bykomende module in akademiese geletterdheid wat vir alle eerstejaars aangebied word, asook by ander vaardigheidsprogramme wat die NWU aanbied.

'n Verpligte module in akademiese geletterdheid word op alle NWU-kampusse aangebied. Ander verpligte modules wat studente help om die wêreld as 'n stel verwante stelsels

te verstaan, is ook reeds in alle akademiese programme op die tweede- en derdejaarsvlak ingevoer.

Die NWU het ook belê in die universiteitswye implementering van Aanvullende Onderrig (AO) op al die kampusse. AO is 'n akademiese ondersteuningstelsel vir studente wat regoor die wêreld gebruik word.

AO voorsien ekstra groepstudiesessies in die moeilike modules, met studente wat saamwerk om belangrike konsepte te konsolideer en doeltreffende studiestrategieë te ontwikkel. Hierdie sessies word deur AO-leiers gefasiliteer – almal studente wat die spesifieke module reeds suksesvol voltooi het.



ONS STUDENTE

Die NWU glo daarin om studente so volledig toe te rus dat hulle goed voorbereid is om met suksesvolle loopbane te begin, tot die gemeenskap by te dra en gebalanseerde, doelgerigte lewens te lei.

Die NWU wil die plek wees waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeelding. Dit moet ook die plek wees waar hulle hul ideale kan visualiseer en begin om hul toekomstige sukses op alle lewensterreine te ontwikkel. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan ons studente aanmoedig om deel te neem.

STUDENTEPROFIEL

Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dis seker te wagte as 'n mens in ag neem dat die universiteit drie kampusse het wat oor twee provinsies versprei is. Dit word natuurlik verwelkom, aangesien dit die dinamiek en demografie van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël.

Die NWU beskou dit as 'n mededingende voordeel vir studente, want deur saam te werk en te leer, put hulle juis krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en met mekaar om te gaan.

In 2011 het die NWU se studenteprofiel soos volg gelyk:

Kampus	Studente
Mafikeng	9 211
Potchefstroom	41 894
Vaaldriehoek	5 536
TOTAAL	56 641

VOORGRAADS VERSUS NAGRAADS

Verreweg die meeste studente is voorgraads, met 52 908 wat in 2011 vir baccalaureusgrade of diplomas ingeskryf was. Die NWU het egter ook 'n beduidende aantal nagraadse studente:

Meestersgraadstudente	2 774
Doktorsgraadstudente	959
TOTAAL	3 733

STUDIEKEUSES

In 2011 was sommige van die studiekeuses van studente by die NWU die volgende:

Hoofstudie-terrein	Kontak	Afstand	Totaal (%)
Wetenskap, ingenieurswese, tegnologie	9 881	681	10 562
Sake/bestuur	9 034	24	9 058
Opvoedkunde	4 096	21 399	25 496
Ander menswetenskappe	8 652	2 874	11 525

Na verwagting sal hierdie profiel meer in die rigting van die natuurwetenskappe en ekonomiese dissiplines verskuif, wat ooreenstem met die NWU se Institusionele Plan.

STUDENTEFASILITEITE EN INFRASTRUKTUUR

Die NWU belê intensief in studentefasiliteite en infrastruktuur met die doel om die bes moontlike leer- en ekstrakurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede aan studente te bied.

As deel van die NWU se grootskaalse infrastruktuurontwikkeling is behuising vir nagraadse studente, 'n lesinglokaalkompleks en 'n Opvoedkundegebou gedurende 2011 op die Mafikengkampus voltooi.

Ander verwickelinge op hierdie kampus sluit in die eerste fase van die opgradering van die James Moroka-koshuis en verbouings aan die biblioteek.

Die volgende projekte word in 2012 voltooi: die eerste fase van 'n Wetenskapegebou met laboratoriums, aanbouings aan die Chris Hani-gebou vir die Sokkerinstituut, die finale fase van die James Moroka-koshuis-opgradering en 'n groot leeslaboratorium. Aanbouings aan die dieregesondheidskompleks (laboratoriums) nader voltooiing en 'n nuwe konferensiesentrum word vir die kampus in die vooruitsig gestel.

Op die **Potchefstroomkampus** is 'n nuwe gebou vir die Skool vir Voortgesette Onderwyseropleiding in gebruik geneem. 'n Ultramoderne R106 miljoen se ingenieurskompleks en 'n nuwe gebou vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is ook in 2011 voltooi. 'n Nuwe manskoshuis word in 2012 gebou en verskeie voorgraadse laboratoriums vir Gesondheids- en

Lewenswetenskappe sal opgeknop word. Op die **Vaaldriehoekkampus** is behuising vir nagraadse studente, 'n studentesentrum, tegniese werksinkels en 'n gebou vir Opvoedingswetenskappe opgerig. Loteryfondse is aangewend vir die opgradering van die gimnasium en om twee nuwe netbalbane en 'n basketbalbaan te bou. 'n Nuwe kantoorblok is gedurende 2012 voltooi en bouwerk aan 'n nuwe biblioteek is aan die gang en sal in 2013 voltooi word.

MIV/Vigs

Die NWU se MIV/Vigs-program vir personeel maak deel uit van die universiteit se Werknemer-gesondheid- en Welstandsprogram, terwyl die program vir studente onder die Institusionele Direkteur: Studenteontwikkeling en Sport ressorteer.

MIV/Vigs-dienste is beskikbaar op alle kampusse en die kampusgesondheidsklinieke verskaf vrywillige berading en toetsing aan personeel en studente.

Die NWU het 'n florerende portuurhulpstelsel waardeur opgeleide studentevrywilligers help om studente meer bewus te maak van MIV/Vigs en programme vir vrywillige berading en toetsing reël.



LOOPBAANSENTRUM

'n Loopbaansentrum, met verteenwoordigers op elke kampus, staan studente by met loopbaanverwante navrae, wat strek vanaf loopbaanbeplanning en inligting rakende moontlike werkseleenthede tot die opstel van 'n CV en tegnieke vir onderhoudvoering. Loopbaan-skoue, wat prominente werkgewers lok, word ook gereeld op die kampusse aangebied.

In 2011 het lede van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Graduandi-werwing die NWU-loopbaansentrum se diens aan voornemende werknemers as derde-beste van die 23 tersiëre instansies in Suid-Afrika aangewys.

EKSTRAKURRIKULÊRE ONTWIKKELING

Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

• KULTUURAKTIWITEIT

Die **Mafikengkampus** het hom in kuns, musiek, koor en multikulturele drama onderskei. Die kampsukoor het aan die Sedibeng-koorfees en die Nasionale-koorfees deelgeneem en het die derde en tweede plekke onderskeidelik verower.

Die **Potchefstroomkampus** is die tuiste van die bekende NWU-PUK-koor, die Boulevard-harmoniste en die NWU-PUK Serenaders.

In 2011 is die universiteitskoor aangewys as algehele wenners by die Praagse Internasionale Kers- en Koorfeeskompetisie, terwyl die Serenaders die nasionale Ou Mutual-koorkompetisie gewen het, en ook die toekening gekry het vir die beste dirigent.

Die PUK-simfonieorkes het hul eerste volledige uitvoering in die konservatoriumsaal gehou. Die kampus spog ook met die Buzzin' 'koperblaasensemble, die Thalia-toneelgeselskap, die Disfunctional Beat-dansvereniging en Divaco, 'n kultuurvereniging wat die Kaapse kultuur deur middel van teater, dans en musiek uitbeeld.

Die **Vaaldriehoekkampus** is in die finale fases om 'n radiostasie tot stand te bring. Die kampus se koor, *The Voices of the River*, neem

gereeld aan streekskompetisies deel. 'n Jaarlikse kultuurfees is een van die hoogtepunte op die kampuskalender, met al drie NWU-kampusse wat daaraan deelneem.

• SPORT

Sport is steeds 'n kernsterkte van die NWU se nie-akademiese lewe. Die universiteit kan, op grond van prestasies op die sportveld, met reg daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Die NWU fokus op sewe hoofsportsoorte, naamlik atletiek, krieket, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis. Hierbenewens bied die universiteit geleenthede vir deelname aan 30 ander sport- en ontspanningsaktiwiteite, insluitende fietsry, karate, sagtebal, muurbal, rotsklim, tafeltennis en mededingende skaak.

Kleiner sportkodes

Kleiner sportkodes wat op die Mafikengkampus ondersteun word, sluit in skaak, karate, vlugbal, ju-jitsu, tafeltennis, boks, aërobiese oefening, pluimbal, sagtebal en liggaamsbou.

Verskeie prestasies is in 2010/2011 in hierdie sportkodes behaal. Die **aërobiese** en **boks**-spanne was derde by die 2011 USSA-kampioenskap, met die boksklub wat vir die tweede agtereenvolgende jaar vier individuele goue medaljes opgeraap het, en die aërobiese span wat een goue, een silwer- en twee bronsmedaljes huis toe gebring het.

By die SA Nasionale Ju-Jitsu-kampioenskap het twee lede van die **ju-jitsu**-span onderskeidelik 'n goue en 'n silwermedalje losgeslaan.

Verskeie sportsterre is ook gekies vir die Suid-Afrikaanse ju-jitsu, en vir die USSA-**sagtebal**-en **tafeltennis**-spanne. Een student is gekies vir die SA **Rolstoelbasketbalspan** en het SA in 2012 internasionaal verteenwoordig teen Mexiko as 'n kwalifiseerder vir die Olimpiese Spele.

Om alles te kroon, het die Mafikengkampus se **liggaamsbouspan** as algehele wenners uit die stryd getree by die 2011 USSA-kampioenskap, terwyl die manspan van die Vaaldriehoekkampus eerste was.

Nóg 'n gewilde sportkode op die Vaaldrie-hoekkampus is **dans**, en die span bestaan uit vroulike sowel as manlike dansers. Die dansspan het die kampus vir die eerste keer verteenwoordig by die nasionale USSA-week in Bloemfontein en ook aan die nasionale klub-kompetisie deelgeneem.

Weens die ideale ligging van die Vaaldrie-hoekkampus op die oewer van die Vaalrivier is die langtermynvisie om **watersport** te ontwikkel. Om hierdie visie te verwesenlik is 'n kano- en 'n roeiklub tot stand gebring en is die roeiklub by Rowing SA geregistreer.

Lede van die NWU se Vaal-Watuni-kanoklub het aan verskeie kompetisies deelgeneem, insluitende die Duzi-kanomarathon en die uitdagende Bergriviermarathon.

Die Vaaldriehoekkampus het onlangs klein sportkodes soos basketbal, skaak, sewesrugby en 'n marathon in hul nuwe koshuisligastruktuur ingesluit.

Die kleiner sportkodes op die Potchefstroomkampus het goed gevaar by die 2011 USSA-kampioenskap. Die **pluimbalspan** het eerste


gekom, **muurbal** tweede, **gimnastiek** derde, en **golf** vyfde.

Vir die eerste keer ooit het die kampus 20 **swemmers** in die USSA-kampioenskap ingeskryf. Hierdie span was sesde, met een spanlid wat gekies is vir die nasionale USSA-span. 'n Paralimpiese swemmer is ook ingesluit in die Suid-Afrikaanse span.

Een van die mees suksesvolle kleiner sportkodes by die NWU is **karate**.

In 2011 is die karateklub van die Potchefstroomkampus vir die twaalfde agtereenvolgende jaar as USSA-kampioene gekroon. Vier karatekas het aan die Statebondspele in Nieu-Seeland deelgeneem, waar een 'n bronsmedalje in die senior afdeling gekry het en een 'n silwermedalje in die o. 21-afdeling. Die silwermedaljewenner is ook gekies om deel te neem aan die Wêreldkaratekampioenskap. Die klub se afrigter het ook die nasionale karatespan afgerig.

Die Mafikengkampus se karatespan het vier bronsmedaljes by die USSA-kampioenskap gewen.



Groot sportkodes

Een van die groot sportkodes wat op die NWU se Potchefstroomkampus ondersteun word, is **rugby**, en hierdie kampus spog met 'n hoogaangeskrewe Rugbyinstituut, waarvan drie spelers in 2011 ingesluit is in die Suid-Afrikaanse o. 20-span.

In dieselfde jaar het die rugbyspan as Suid-Afrika se klubkampioene uit die stryd getree en die jaarlikse intervarsity gewen toe hulle die span van die Universiteit van die Vrystaat vir die sewende agtereenvolgende jaar afgeransel het.

Die rugbyspan van die Vaaldriehoekkampus het in 2011 vir die eerste keer aan die USSA-kampioenskap deelgeneem en 'n trofee ontvang vir hul prestasie. Vyf spanne het aan die Falcons Superliga deelgeneem en een speler is gekies vir die Falcons Senior Vodacombekeerspan. Die NWU-Vaal-rugbyklub beoog om in 2012 aan die Varsity Shield deel te neem.

Atletiek is ook 'n gewilde groot sportkode op die Potchefstroomkampus.

In 2011 het vyf atlete Suid-Afrika op junior vlak verteenwoordig, terwyl 13 spanlede USSA by die Internasionale Universiteitsportfederasie se Wêreldstudentespele in China verteenwoordig het.



Die kampus se Senior Sportvrou van die Jaar het die beste spiesgooiprestasie ooit deur 'n Suid-Afrikaanse vrouespiesgooier gelewer by die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies se Wêreldkampioenskap in Korea, waar sy 'n bronsmedalje gewen het met 'n nuwe Suid-Afrikaanse, Afrika- en Statebondrekord-afstand.

Ander wêreldklasprestasies in 2011 sluit in 'n bronsmedalje by die Wêreldstudentespele en twee silwermedaljes by die Afrikaspele. 'n Gestremde atleet het 'n silwermedalje gewen in die F42-klas en twee van die klub se naellopers was lede van die seëvierende aflosspan by die Wêreldstudentespele.

'n Driesprongatleet het een van die oudste Suid-Afrikaanse rekords laat spat ná 19 jaar.

Toe, in 2012, het die klub se atlete weereens die USSA-kampioenskap gedomineer deur die toernooi vir die derde agtereenvolgende jaar te wen. In die negentien jaar wat die kompetisie aan die gang is, het die span reeds tien keer met die louere weggestap.

Tydens hierdie kampioenskap het die span 35 medaljes ingepalm – 14 goud, 10 silwer en 11 brons. Daarbenewens het hulle 'n tweede plek in die vroue-stapspankompetisie behaal en was hulle ook naasweners in die 21 km-spankompetisie vir mans.

'n Atletiekklub word tans op die Vaaldriehoekkampus tot stand gebring as deel van 'n nuwe sportinisiatief.

Die vrouehokkiespan van die Vaaldriehoekkampus het in 2011 vir die eerste keer aan die USSA-kampioenskap se B-afdeling deelgeneem. Hulle is ook tans die heersende kampioene van die Suid-Gautengse Hokkieliga.

In 2011 was die Mafikengkampus se **krieketspan** tweede in die USSA B-afdeling.

Ná hul eerste deelname in die Gauteng Senior Damesliga het die vrouekrieketspan op die Vaaldriehoekkampus hierdie liga gewen. Twee spelers is gekies vir die Senior Gautengse vrouekrieketspan.

Die manskrieketspan het hul plek in die mededingende A-liga van die USSA Krieket behou en word as een van die top agt universiteitspanne in die land beskou, met één speler wat aangewys is as die USSA Speler van die Toernooi en wat gekies is vir die SA Studentespan.

Drie van die spelers is gekies vir die Gautengse Plattelandse Senior Span, terwyl vyf spelers aan 'n internasionale reeks in Indië deelgeneem het. Die krieketklub neem ook deel in die Noordwes Premierliga, die Sedibeng Plaaslike Liga en die Gautengse Sondagliga. In die Gautengse Sondagliga was die NWU-Vaal-span finaliste in die Gautengse 45-boulbeurt-kompetisie.

Die Potchefstroomkampus was gasheer van die Nasionale USSA **Netbal**toernooi in 2011. Lede van die kampus se netbalspan het ook gedurende die jaar goed gevaar op nasionale vlak.

Die Vaaldriehoekkampus se netbalspan was derde in die USSA B-afdeling in 2011. Deelname aan netbal het só toegeneem dat die kampus nou in die Noordwes Senior Liga, die plaaslike Vaaldriehoekliga en die plaaslike Aksienetballiga deelneem. Verskeie spelers het die streek by die nasionale senior provinsiale kompetisie verteenwoordig.

As een van sy strategiese prioriteite het die NWU in 2007 'n **Sokkerinstituut** op die

Mafikengkampus tot stand gebring. Daar is tans 48 studente wat by die instituut ingeskryf is.

In 2010 het die instituut geskiedenis gemaak deur die USSA-kampioenskap vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen. Sewe spelers van die instituut is gekies vir die nasionale USSA-span, een vir die o. 23 nasionale span en vier vir die o. 21-span. Twee spelers is deur professionele spanne gekontrakteer.

Twee lede van die sokkerspan op die Potchefstroomkampus is gekies vir die o. 23 nasionale sokkerspan.

Op die Vaaldriehoekkampus het die vrouesokkerspan hul status in die Sasolliga behou en outomaties gekwalifiseer vir die 2011/2012-seisoen.

Die mansokkerspan het in die USSA Gautengligas deelgeneem, en ook in die Suid-Afrikaanse Brouery-liga, waar hulle die derde plek behaal het. Vier spelers is gekies vir die SAFA Sedibeng-span om deel te neem aan 'n nasionale o. 23-toernooi. Twee spelers is gekies vir die SAB o. 21 Gauteng-span, terwyl twee o. 19-spelers gekies is vir die Gautengspan wat aan die Suid-Afrikaanse Spele deelgeneem het.

** Die statistiese gegewens in hierdie afdeling is nie geoudit nie.*

IN 'N NEUTEDOP...

- Meer as 700 internasionale atlete uit verskeie lande oefen elke seisoen by die NWU se sportfasiliteite.
- Die NWU ondersteun sewe belangrike sportsoorte, naamlik atletiek, krieket, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis. Die universiteit bied ook 30 kleiner sport- en ontspanningsaktiwiteite aan, wat strek van kompeterende skaak tot rotsklim, karate en sagtebal.
- Die NWU spog met 'n Rugbyinstituut en 'n Hokkieakademie op die Potchefstroomkampus, 'n Sokkerinstituut op die Mafikengkampus en 'n Krieketakademie en 'n Roeiklub op die Vaaldriehoekkampus.
- Een van die NWU se spiesgooiers hou die Wêreldstudentetitel. Sy is ook die Suid-Afrikaanse, Afrika- en Statebondrekordhouer.

NAVORSING, INNOVASIE EN GEMEENSKAPS- BETROKKEENHEID

Die NWU se strewe is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, daarom is sy navorsings- en innovasiestrategie daarop gemik om hulpbronne optimaal te benut ten einde maksimale impak te verseker.

Navorsing aan die NWU word volgens 'n navorsingsentiteitemodel georganiseer.

Die onderliggende beginsel van die identifisering en ontwikkeling van navorsingsentiteite is dat die universiteit en elke kampus navorsingsterkpunte ontwikkel. Dit moet gedoen word met inagneming van bestaande en toepaslike kundigheid en potensiaal, en die behoeftes van die streek en die land, binne die raamwerk van die langtermyn- strategieese navorsings- en innovasieplan.

Die "intreevlak"-navorsingsmodel is dié van 'n nisarea, gevolg deur 'n fokusarea, dan 'n eenheid, en uiteindelik 'n sentrum van uitnemendheid.

Daar is spesifieke kriteria vir die vier modelle, en hulle moet toenemende kapasiteit, uitset, toepaslikheid en nasionale en internasionale erkenning toon.

Die NWU het tans die volgende navorsingsentiteite:

SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

- Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)
- Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing

EENHEDE:

- Eenheid vir Energiestelsels
- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur
- Eenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling

FOKUSAREAS:

- Veredeling van Chemiese Hulpbronne
- Onderrig-leerorganisasies
- Sosiale Transformasie
- Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)
- Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)
- Instaatstelling tot Optimale Uitdrukking van Individuele, Sosiale en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)

NISAREAS:

- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MGSA)
- Bevolking en Gesondheid
- Voedselsekureit en -veiligheid in die Noordwesprovinsie
- Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings
- Handel en Ontwikkeling (Engels: TRADE)

NAVORSING ONDERSTEUN INNOVASIE

Die universiteit se akademiese personeel spandeer gemiddeld 40% van hulle tyd aan navorsing, wat ooreenstem met die Institusionele Plan. Daar was ook 'n aansienlike toename in die getal NWU-navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS).

Ná voorlegging van aansoeke vir NNS-gradering in 2011/2012 het die universiteit nou 125 navorsers met NNS-graderings:

Navorsers met A-graderings	2
met B-graderings	16
met C-graderings	89
met P-graderings	0
met L-graderings	1
met Y-graderings	17

DIE BOU VAN NAVORSINGSKAPASITEIT

Ten einde meer akademiese personeel aan te moedig om aansoek te doen om graderings en om hul navorsingsuitsette te verhoog, het die NWU 'n intensiewe kapasiteitsbouprogram vir navorsers begin. Akademiese personeel kry opleiding om hul navorsingsvaardighede te verbeter, met die klem op die skryf van opsommings, kongresvoordragte en artikels, en die opstel van vraelyste. Navorsingskapasiteitsbouwerkswinkels word op al drie kampusse gehou.

NAGRAADSE WERWING

Daarby is die universiteit aktief besig om sy poel navorsingsvaardighede te vergroot deur meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2011 was daar 2 774 meestersgraad- en 959 doktorsgraadstudente.

VERHOOGDE NAGRAADSE BEFONDSING

Meestersgraadstudente aan die NWU kan kwalifiseer vir beurse ter waarde van R22 000, terwyl doktorsgraadstudente kwalifiseer vir R48 000

plus 'n addisionele R11 000, onderhewig aan sekere voorwaardes. In 2011 het die universiteit 89 postdoktorale studente van lande soos Indië, Finland, Hongarye, Oekraïne, Nederland, Duitsland en 'n aantal Afrikalande gehad.

THRIP-inkomste: In 2011 het die NWU die meeste THRIP-inkomste van al die universiteite in SA verdien. Dit is 'n aanduiding van die innoverende en relevante navorsing wat in noue samewerking met die nywerheid in ons land gedoen word.

Navorsers op die voorpunt: Verskeie NWU-navorsers deel hul kundigheid met die wêreld.

- Die kwalifikasies van die direkteur van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sport op die Potchefstroomkampus posisioneer hom as een van die voorste 14 antropometriste in die wêreld. Hy het ook 'n prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy bydrae op die gebied van voorkomende geneeskunde.
- 'n Topakademiese en voormalige direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding was die enigste wetenskaplike uit Afrika wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie genooi is om op hul kundighedsadviesgroep vir voeding te dien. Sy is ook aangewys as sekretaris-generaal van die Academy of Science of South Africa (ASSAf).
- 'n Dosent in die Skool vir Chemiese en Mine-raalingenieurswese is die enigste wetenskaplike



van Afrika wat gevra is om as konsultant van die Voedsel- en Landbou-organisasie in Rome, Italië, te dien.

- 'n Wetenskaplike van die Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing is deur die Nasionale Navorsingstigting genooi om Suid-Afrika by COSPAR, die internasionale komitee vir ruimtenavorsing, te verteenwoordig. Hy is ook gevra om op die reëlingskomitee van die International Space Weather Initiative (ISWI) te dien.

- Twee wetenskaplikes van die Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing was deel van 'n internasionale span wetenskaplikes wat 'n NASA-toekenning ontvang het vir hul bydrae tot die sukses van die Ulysses-ruimtesending.

- 'n Kundige van die Skool vir Omgewingswetenskappe is verkies as voorsitter van 'n internasionale komitee van die Verenigde Nasies se konvensie ter bekamping van verwoestyning. Hy het ook 'n belangrike rol gespeel as moderator by die klimaat-spitsberaad, COP17, in Durban aan die einde van 2011.

Toekennings vir navorsers: Verskeie NWU-navorsers het nasionale en internasionale toekennings ontvang.

- Die direkteur van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan het 'n Vroue in Wetenskap-toekenning ontvang vir jong vroue wat presteer in lewenswetenskappe, sowel as die gesogte Meiring Naudé-medalje van die raad van die Royal Society of South Africa, wat jaarliks aan uitstaande jong wetenskaplikes toegeken word.

- 'n Kundige in die Fakulteit Regte het die prestige-P-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang, wat impliseer dat hy internasionaal erken word as iemand met die nodige potensiaal om 'n leier in sy vakgebied te word.

- 'n Navorsers in die Afrika-eenheid vir Transdisciplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) is genomineer vir erkenning deur die Internasionale Biografiese Sentrum in Cambridge, Engeland, as een van die Top 100 Gesondheidsberoepslui van 2010.

- 'n Dosent in die Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese op die Potchefstroomkampus het 'n streekstoekenning van die Academy of Sciences for the Developing World in Nairobi, Kenia, ontvang vir sy werk oor 'n reeks unieke rekenaar-animasies in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.

- 'n Groep navorsers van die Potchefstroomkampus maak deel uit van die transnasionale Hoë-energie Stereoskopiese Stelsel-navorsingsgroep (HESS-navorsingsgroep) wat die gesogte Descartes-prys vir Wetenskap en die Rossi-prys verower het.

Sentrum vir Hoëprestasie-berekening: Die NWU se Sentrum vir Hoëprestasie-berekening (SHPB) word gekenmerk deur die hoë gehalte van hul eksperimentele toerusting, wat gebruik word vir berekeningsintensiewe navorsing in 'n wye verskeidenheid dissiplines.

Opwindende nuwe navorsingsveld: 'n Groep van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe doen navorsing oor die gebruik van femtosekonde-lasers om chemiese reaksies te kontroleer. Baanbreker-navorsingsresultate wys dat hierdie tegnologie onder meer gebruik kan word om kweekhuisgasse van steenkoolverwerking te omskep in voordelige produkte en meer energie.

Navorsingsleerstoele: In 2012 het die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) twee nuwe navorsingsleerstoele aan die NWU se Potchefstroomkampus toegeken,

IN 'N NEUTEDOP...

- Die universiteit het die akademiese jaar begin met 117 NNS-gegradeerde navorsers en het in Februarie 2011 31 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die 14 aansoeke vir nuwe graderings is 13 aanvaar. Die NNS het die 17 aansoeke vir herevaluering goedgekeur. Weens natuurlike diensverlating van navorsers het die NWU die jaar afgesluit met 125 gegradeerde navorsers.

naamlik Steenkoolnavorsing, en Vroeë Op-sporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika. In dieselfde jaar het Eskom die navorsingsleerstoel in Emissiebeheer aan die kampus toegeken. Die kampus het ook 'n navorsingsleerstoel in Kerningenieurswese, een in Astrofisika en Ruimtefisika, en 'n DWT/SANERI-medeleerstoel in Biobrandstowwe en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe.

DWT-prekliniese en farmaseutiese assesseringsplatform: Die DWT het onlangs die NWU aangewys as gasheer van die Prekliniese en Farmaseutiese Asseseringsplatform. Hierdie platform ondersteun Suid-Afrikaanse inisiatiewe in geneesmiddel-ontwikkeling.

DWT-bevoegdheidsentrum: Die DWT het aan die NWU en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) die derde DWT-Waterstofbevoegdheidsentrum (BS) toegewys, met die NWU wat die eerste vyf jaar die leiding neem.

Metabolomika-platform: Die NWU huisves die enigste Metabolomika-platform in Suid-Afrika, wat die universiteit aan die voorpunt van biotegnologiese navorsing plaas.

Optimalisering van potensiaal: Die OPTEN-TIA-navorsingsprogram op die Vaaldriehoek-kampus het 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Namibië aangegaan met betrekking tot gesamentlike navorsing oor die florering van individue en instellings, veerkragtigheid van kinders en welstand in gesinne.

Inkomste deur innovasie: Benewens die feit dat die NWU nasionale en internasionale erkenning ontvang, genereer die NWU se innovasie ook alternatiewe inkomstebronne. Patente en inkomste uit produkverkope genereer nagenoeg R3 miljoen per jaar.

	2008	2009	2010	2011
Totale navorsinguitset*	1 083	1 190	1 318	1 483
NNS-gegradeerde navorsers:	103	116	117	125

* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels).



Newemaatskappye: Die NWU gebruik die stigting van innoverende klein en medium grootte newemaatskappye as deel van die kommersialiseringsstrategie en hou ekwiteit in sommige van hulle.

Sedert die samesmelting in 2004 het die totale aantal tegnologie-newemaatskappye van nege tot 16 in 2011 toegeneem, waarvan 13 in daardie stadium nog aktief was.

Die stel van nuwe standaarde: Aangesien daar geen Suid-Afrikaanse presedent bestaan wat toepaslike marknorme vir die NWU se innovasiepoging voorsien nie, is die universiteit besig om sy eie teikens te ontwikkel wat op ervaring gebaseer is.

Norme sluit die getal pasiënte in wat in Suid-Afrika en in die buiteland geregistreer is, die getal nuwe lisensie-ooreenkomste, die inkomste uit tantiemes en produkverkope, en die getal nuwe newemaatskappye, NWU-filiale en geassosieerde maatskappye.

GEMEENSKAPSBETROKKEHEID

Die NWU beskou die implementering van kundigheid as 'n uitbreiding van sy kernaktiwiteite, met gemeenskapsontwikkeling wat deel is daarvan. Die universiteit skep dus geleenthede vir sy studente en personeel om hul kundigheid deur verskeie projekte in gemeenskappe te implementeer.

'n Deel van die aktiwiteite rondom die implementering van kundigheid, byvoorbeeld kortkursusse, konsultasie, dienslewering en tegnologieoordrag, **genereer derdegeldstroominkomste**. Skole op die NWU-kampusse lewer byvoorbeeld verskeie dienste aan die plaaslike en provinsiale regering.

Vertaalhulpmiddels: Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXT®) het die multimiljoenrandse Autshumato-projek op die Potchefstroomkampus geïmplementeer. Autshumato is 'n reeks oopbron-vertaalhulpmiddels (d.w.s. gratis) wat deur die Departement van Kuns en Kultuur befonds is. Hierdie hulpmiddels is daarop gemik om die spoed, akkuraatheid en gehalte te verbeter waarmee dokumente in al die amptelike Suid-Afrikaanse tale geskep en vertaal kan word.

Die departement het CTeXT ook aangestel om 'n agentskap tot stand te bring vir die bestuur en verspreiding van herbruikbare teks- en spraakhulpbronne vanaf een sentrale punt.

Mynbousektor: In 2012 het die kampus ook 'n Normeringsentrum vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV) tot stand gebring in sy Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie. Hierdie sentrum monitor die standaarde van KMV in die mynbousektor.

Pro bono: Die universiteit het ook 'n pro bono-kantoor op sy Potchefstroomkampus geopen om plaaslike regerings in Noordwes te help met gratis advies oor omgewingsbestuur en in-pakstudies. Dit volg nadat die Departement van Omgewingsake die behoefte geïdentifiseer het, verskeie Suid-Afrikaanse universiteite oorweeg het, en die NWU geïdentifiseer het om die eerste kantoor as loodsprojek te open.

Uitvoer: Die Skool vir Ekonomie op dieselfde kampus is deur die Departement van Handel en Nywerheid gekontrakteer om realistiese uitvoer-geleenthede vir Suid-Afrikaanse uitvoerders te identifiseer.

Ekonomiese ontwikkeling: Die Vaaldriehoekskampus het 'n memorandum van verstandhouding met die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit onderteken om saam te werk in die belang van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in die Vaaldriehoek.

Dit behels bystand met kapasiteitsbou van raadslede en amptenare en gesamentlike projekte. Dié projekte is gemik op die opvoeding van gemeenskappe om 'n beter begrip te ontwikkel vir die kwessies rondom geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en om individue te bemagtig om meer doeltreffend deel te neem aan gemeenskapsontwikkeling.

Lewensvaardighede: Die Vaaldriehoekskampus is ook betrokke by die Molefi Olifantleierskapsinstituut, wat ten doel het om lewensvaardighedsprogramme te skep om professionele sokkerspelers te help met die bestuur van hul finansies. Die kampus help die instituut deur navorsing te doen en kortkursusse aan te bied.



Welstand: Die OPTENTIA-navorsingsprogram het ook 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Namibië aangegaan. Navorsers van die twee instansies sal saamwerk aan navorsingsprojekte oor die florering van individue en instellings, veerkragtigheid van kinders en welstand in gesinne.

Landbou en verpleging: Die Mafikengkampus se Skool vir Landbou het 'n kontrak ter waarde van R800 000 met die Provinsiale Departement van Landbou gesluit vir die deeltydse opleiding van 40 studente. Die skool het ook R3 miljoen van die Waternavorsingskommissie (WNK) ontvang.

'n Twee dae lange bewysgebaseerde werkswinkel is in Julie 2011 namens die Provinsiale Departement van Gesondheid vir personeel van verpleegkundekolleges aangebied.

Winterskool: Op versoek van die Mpumalanga Departement van Onderwys het personeel van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe in 2011 winterskoolklasse aangebied by skole in daardie provinsie.

Regte: Mededingende navorsingsprojekte is in 2010 aan drie akademië in die Fakulteit Regte toegeken deur die Direkoraat van Navorsing van die Noordwes Provinsiale Regering.

Behalwe vir hierdie kommersieelgedrewe projekte was die NWU ook betrokke by aktiwiteite rondom gemeenskapsbetrokkenheid wat **nié op winsbejag ingestel is nie**.

Hierdie aktiwiteite word deur universiteitspersoneel en studente uitgevoer om die gemeenskap op te hef, by hulle betrokke te wees en hulle te ontwikkel.

Dit wissel van ontwikkelingsbetrokkenheid tot gemeenskapsdiensprojekte en die voorsiening van kundigheid op 'n vrywillige grondslag aan verskeie instansies.

Die NWU het gemeenskapsbetrokkenheid as 'n strategiese prioriteit geïdentifiseer wat kan help om die beoogde lewenskrachtige, dinamiese en innoverende karakter van die universiteit uit te bou.



PROJEKTE

Daar is tans meer as 150 gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte by die NWU aan die gang. Hier is 'n paar voorbeelde:

Mosaïekprojek: Hierdie sorgprojek vir weeskinders is gerig op die bou van huise vir gesinne wat weeskinders in pleegsorg neem en vir die skep van werksgeleenthede vir pleegouers deur 'n boukontraakteursonderneming en 'n onderneming genaamd "Made by Mosaic". Die projek behels ook maatskaplike ontwikkelingsprogramme en 'n kleuterskool vir MIV-geïnfekteerde kinders.

Beter gehalte onderrig: Die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHer) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus bestuur verskeie gemeenskapsprojekte ter verbetering van die lewenskwaliteit in gemeenskappe. Hierdie projekte sluit in die Holding Hands-projek, 'n glasherwinning-projek en LIFEPLAN® wat deel uitmaak van die FLAGH-program.

Gesondheidsdienste: Verskeie fakulteite en skole bied gesondheidsdienste aan die gemeenskap. Dit sluit in die monitering van 400 onderwysers in die Kenneth Kaunda Munisipale Distrik vir kardiovaskulêre siektes, verskeie projekte by hospitale, 'n motoriese ontwikkelingsprogram gemik op voorskoolse kinders, die Phelophepa-gesondheidsorgtrein en Basiese

Gesondheidsprogram, en die Happy Hearts-dienssentrum in Promosa naby Potchefstroom.

Dieregesondheid: Die Dieregesondheidsentrum op die Mafikengkampus verskaf primêre gesondheidsorgdienste vir diere wat aan mense behoort wat nie veeartsenykundige dienste kan bekostig nie.

Regsdiens aan die gemeenskap: Die Gemeenskapsregsentrum in die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus en die Sentrum vir Gemeenskapsreg en -ontwikkeling in die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus voorsien praktiese regsopleiding aan LLB-studente in hul finale jaar en kandidaatprokureurs. Hulle verskaf ook gratis regsdiens, kapasiteitsbouprogramme en adviesdienste op die gebied van die reg aan gemeenskappe in die Noordwesprovinsie.

Meertaligheid: Verskeie gemeenskapsinisiatiewe reflekteer die gees van die universiteit se funksionele meertaligheidsbeleid.

Voorbeelde van sulke inisiatiewe wat deur die NWU se Taaldirekoraat van stapel gestuur is, sluit in tolkdienste in drie skole en 'n drietalige leesprojek in vyf laerskole. Dit vind plaas in samewerking met die Fakulteit Opvoedingswetenskappe en word medebefonds deur die Rotariërklub van Orkney.

Ander inisiatiewe sluit in die kortkursusse vir vertalers en gespesialiseerde vertaling (subtitels) wat aangebied word deur lede van die Vaal-driehoekskampus se Skool vir Tale en die kursus in Sesotho-kommunikasie wat vir nie-moedertaalsprekers aangebied word.

SA Gebaretaal is ook in 2011 ingevoer as 'n volwaardige taalvak in die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus. Dit is bykomend tot omvattende opleiding van Gebaretaaltolke deur middel van kortkursusse wat gesamentlik deur die Institusionele Kantoor en DeafSA aangebied word.

Die kunste: Die ontwikkeling van die kunste in die Noordwesprovinsie is nog 'n prioriteit van die NWU. In hierdie opsig word leerderskapprogramme en sertifikaatkursusse deur die Instituut

vir Kunstebestuur en -administrasie (Artéma) op die Potchefstroomkampus aangebied.

TERUG SKOOL TOE

In die lig van die agterstande in Suid-Afrikaanse skole, veral m.b.t. Wiskunde en Wetenskap, is dit vir die NWU baie belangrik om betrokke te raak by skole in die omgewing van sy kampusse. So help die universiteit om duisende matrikulante uit voedingskole vir die tersiêre onderwysomgewing en die werkswêreld voor te berei.

- Die **Siyakhulisa-program vir Vroeë Kinderontwikkeling** poog om die standaard van voorskoolse onderwys en Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) in die Vaaldriehoek te verbeter. Sewentig voorskoolse onderwysers het onlangs 'n ses maande lange opleidingsprogram bygewoon wat aangebied is deur die Skool vir Opvoedingswetenskappe.
- Die **Ikateleng-projek** is gemik op die voorbereiding van belowende graad 12-leerders vir hul matriekexamens en die uitdagings van die universiteitslewe. Hierdie projek word aangebied in die drie kampusse se omliggende gebiede. In 2011 was die gemiddelde slaagsyfer by die onderskeie sentrums 93%, en 177 onderskeidings is behaal.
- **Tydens die Winterskool** op die Mafikeng-kampus bied personeel en studente aanvullende onderrig aan wat graad 12-leerders help om vir hul finale eksamen voor te berei.
- **Verbetering van die gehalte van onderrig:**
 - Die **Sediba-projek** is daarop gemik om die gehalte van onderrig in Wetenskap en Wiskunde te verbeter en onderwysers te help om Hoëronderwysdiplomas te verwerf.
 - Die **Education Quality Improvement Partnership Programme (EQUIP)** is 'n heleskool-ontwikkelingsprogram, wat kapasiteit op die vlak van leierskap, bestuur en korporatiewe bestuur binne die skole bou. In samewerking met die Noordwesprovinsie se Onderwysdepartement voorsien die universiteit opleiding en

ander ondersteuning aan skoolbeheerliggame, bestuurspanne en opvoeders.

- Die **Musikhane**-musiekonderwysprojek leer kinders van benadeelde gemeenskappe om musiek te lees en verskeie instrumente te bespeel.

BEKAMPING VAN MIV/VIGS

In die lig van die geweldige impak wat die MIV/Vigs-pandemie op Suid-Afrika gehad het, beskou die universiteit die bekamping van MIV/Vigs as 'n prioriteit.

- **Zero-voorkomsstudie en Risiko-evaluering:** Die Vaaldriehoekskampus het aan hierdie studie deelgeneem as deel van 'n program wat op MIV/Vigs in die hoëronderwyssektor fokus. Die studie sal 'n begrip van die siekte binne die sektor voorsien.
- **Studente bekamp MIV/Vigs:** Studente op al drie kampusse is aktief betrokke by MIV/Vigs-bewusmaking onder die gemeenskappe. Hul aktiwiteite wissel van die aanbied van voorligtingswerkwinkels tot die reël van geleentehede soos antidiskriminasie-optogte, kersweke en kondoomweke.

STUDENTEBETROKKEHEID BY GEMEENSAPPE

'n Belangrike deel van die studentelewe aan die NWU is die geleentheid om as vrywilligers 'n bydrae tot die gemeenskap te lewer.

- **Studentejuolgemeenskapsdiens:** Die geld wat hierdie diens tydens die jaarlikse Jool en ander projekte invorder, word versprei onder gemeenskapsgebaseerde liefdadigheidsorganisasies of onder die NWU se akademiese personeel wat by gemeenskapsprojekte betrokke is.
- **Etes vir behoeftige studente:** Die kampusse hou verskeie funksies om fondse in te samel, byvoorbeeld gholff- en jazz-dae en fietswedrenne, om te verseker dat behoeftige studente daagliks twee gebalanseerde etes ontvang.
- **Kinderhuise:** Studente doen vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuse en die DBV.



ANDERKANT DIE DEURE LÊ
ONS **ROEPING...**
HIER WORD ONS
NALATENSKAP NEERGESKRYF

YUNIBESITI YA RONA

Ka 1 Ferikgong 2004 Yunibesiti ya Bokone-Bophirima (YBB) e ne ya simolola semmuso go nna karolo ya leano le le atologileng la go fetola thuto e e kwa godimo, ka boikaelelo jwa go dirisa madi ka tshomarelo le go baakanya bothata jwa nako e e fetileng jwa go sa dirweng ga dilo ka go tshwana.

YBB ke setheo sa dikhamphase tse di farologaneng tse di dirang jaaka khamphase e le nngwe fela tse di leng mo diporofenseng tse pedi. Dikhamphase tseno ke khamphase ya Potchefstroom le ya Mafikeng kwa Bokone Bophirima le Khamphase ya Khutlotharo ya Lekwa kwa Gauteng. Ofisi ya Setheo (ofisi-kgolo) e kwa Potchefstroom gaufi thata le Khamphase ya Potchefstroom.

Mo dingwageng di le mmalwa tse di fetileng, YBB e ile ya akgolwa ke ditlamo tse di kwantle ka ntlha ya boetelelopele jwa yone mo ditirong tse di farologaneng. Mo tirong ya go tsamaisa kgwebo, Yunibesiti e ne ya itshupa e le setheo sa thutogodimo se se laolwang ka tsela e e mlemo go di gaisa tsotlhe mo Aforika Borwa ka go ikgapela Awate ya Botsamaisi jwa Kgwebo ya Thuto ya Maemo a a Kwa Godimo ya Price-waterhouseCoopers ya 2007, 2008, 2009, 2010 le 2011.

Ka tsela e e tshwanang, mo Kgaisanong ya Bosetšhaba ya Mokgwa o Moša wa go Dira Dilo, YBB e ne ya di goga kwa pele ka go bidiwa Setheo sa Thutogodimo se se Gaisang tse Dingwe Tsotlhe ka Tlhamo-Seša ya Thekenoloji sa 2008.

YBB e ne ya newa kabelokhuno e nngwe gape e e kgethegileng go tswa kwa Pan South African Language Board (PanSALB), ka ntlha ya go bo e feditse dingwaga di le lesome e rotloetsa tiriso ya dipuo tse di farologaneng le go aga setšhaba

ka 2008. Ka 2010, Yunibesiti e ne ya ikgapela awate e nngwe gape ya PanSALB, mme mo nakong eno, e ne le ya go tolola le go ranola.

Leinatshwao la kgwebo la Yunibesiti ya Bokone-Bophirima le na le dikarolo tse pedi, e leng letshwao la kerafo kgotsa letshwaoina – “dikeetane” tse di gokaganang le lefshwao-foko, leina la setheo – Yunibesiti ya Bokone-Bophirima.

“Dikeetane” tse tharo tse di gokaganang di tshwantshetsa kutlwano ya Yunibesiti ya Bokone-Bophirima mme mebala e meraro e tshwantshetsa dipharologano tsa methalethale tsa dikhamphase tse tharo.

Kwa Yunibesiting ya Bokone-Bophirima, go kopana ga ditlamo tse di tlhomologileng, bokgoni le ditshwanelego tsa baithuti le badiri ba rona ba ditso tse di farologaneng go dira gore gantsi re nne le dikgopolo tse diša tsa go dira dilo.

Moano wa rona, mokgwa o moša wa go dira dilo ka dipharologano, o gatelela ntlha eno.

E bontsha maikemisetso a Yunibesiti a go rata le go amogela ditso tse di farologaneng le go dirisa dipharologano tseno go gagamalela kitso le mekgwa e meša ya go dira dilo, go letla baithuti le badiri ba rona go nna se ba batlang go nna sone le go godisa moya wa rona wa mekgwa e meša ya go dira dilo.

Ka 2010, Yunibesiti e ne ya ikgapela awate e nngwe ya PanSALB, mme mo nakong eno, e ne le ya go tolola le go ranola.

Institusionele Kantoor

Tel: +27 18 299 4918

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Mafikengkampus

Tel: +27 18 389 2144

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Tel: +27 18 299 2769

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Tel: +27 16 910 3185

E-pos: john.maloma@nwu.ac.za

Saamgestel deur Korporatiewe Sake
en Verhoudinge, NWU
Ontwerp en uitleg: **Infoworks**
Drukwerk: Seriti Printing
Fotografie: NWU-diensverskaffers
en kollegas